NASIONALE INSTRUKSIE 1/2002

DIE SUID-AFRIKAANSE RESERWE POLISIEDIENS

HOOFSTUK 1
UITLEG

1. Woordomskrywings

In hierdie Instruksie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(a) **"bevelvoerder"** in die geval van 'n —
  (i) afdeling, die afdelingskommissaris;
  (ii) provinsie, die provinsiale kommissaris;
  (iii) area, die area kommissaris;
  (iv) *stasie*, die stasiekommissaris;
  (v) *eenheid*, die *bevelvoerder* van die *eenheid*,
  wat in bevel is van die afdeling, provinsie, area, *stasie* of *eenheid* waarin of waarby 'n *reservis* sy of haar dienste verrig;

(b) **"die Regulasies"** *die Regulasies* vir die Suid-Afrikaanse Reserwe Polisiediens, 2002;

(c) **"die Wet"** *die Wet* op die Suid-Afrikaanse Polisiediens 1995 (Wet No. 68 van 1995);

(d) **"eenheid"** enige *eenheid, seksie* of tak van die Diens wat nie onder die bevel van 'n stasiekommissaris val nie;

(e) **"hoofreservis"** 'n *reservis* wat deur die betrokke *bevelvoerder* aangewys is om, in samewerking met die betrokke *koördineerder*, die *reserviste* in die afdeling, provinsie, area, *stasie* of *eenheid* te bestuur;

(f) **"koördineerder"** 'n permanente lid wat deur die betrokke *bevelvoerder* aangewys is om, in samewerking met die betrokke *hoofreservis*, die *reserviste* in die afdeling, provinsie, area, *stasie* of *eenheid*, te bestuur;

(g) **"Nasionale Koördineerder"** die *Nasionale Koördineerder* wat kragtens paragraaf 5(1) aangewys is;

(h) **"reservis"** 'n lid van die Suid-Afrikaanse Reserwe Polisiediens; en

(i) **"stasie"** enige afdeling, provinsie, area, polisiestasie, of *eenheid* van die Diens.

HOOFSTUK 2
KATEGORIEË VAN RESERVISTE EN DIENSSTAAT

2. Bepaling van kategorieë van reserviste

(1) Dit word hierby bepaal dat daar die volgende kategorieë van *reserviste* sal wees:

(a) Kategorie A *Reserviste*: Funksionele Polisiëring;
(b) Kategorie B *Reserviste*: Ondersteuningsdienste;
(c) Kategorie C *Reserviste:* Gespesialiseerde Funksionele Polisiëring; en
(d) Kategorie D *Reserviste*: Landelike en Stedelike Beveiliging

(2) Die volgende word bepaal ten opsigte van elk van die kategorieë vasgestel kragtens subparagraaf (1):

(a) Kategorie A *Reserviste*: Funksionele Polisiëring:
'n *Reservis* wat in hierdie kategorie aangestel word —
(i) moet werksaamhede in alle operasionele fasette van polisiëring, insluitend funksies as deel van 'n sektor span of *eenheid*, op stasie, area, provinsiale of nasionale vlak verrig;
(ii) moet 'n uniform dra, behalwe as die *reservis* by Speurdienste of Misdaadintelligensie geplaas is;
(iii) moet in die relevante aspekte van funksionele polisiëring van toepassing op sy of haar werksaamhede, sowel as die addisionele posspesifieke- of indiensopleidingsvereistes, afhangende van die omgewing van aanwending, opgelei word; en
(iv) mag, ooreenkomstig regulasie 5 van *die Regulasies*, deur die Nasionale of 'n Provinsiale Kommissaris opgeroep word om op 'n plek, datum en tyd deur die Nasionale of Provinsiale Kommissaris bepaal, vir diens te rapporteer en om sodanige funksies op sodanige plekke vir sodanige tydperke as wat deur die betrokke Nasionale of Provinsiale Kommissaris bepaal mag word, te verrig.

(b) Kategorie B *Reserviste*: Ondersteuningsdienste:
'n *Reservis* wat in hierdie kategorie aangestel word —
(i) moet spesifieke ondersteuningsfunksies op nasionale -, provinsiale -, area- of stasievlak verrig en mag nie gebruik word om funksionele polisiewerksaamhede te verrig nie;
(ii) mag nie 'n uniform dra of met 'n vuurwapen uitgereik word nie;
(iii) mag slegs sodanige ondersteuningsfunksies verrig wat deur die *bevelvoerder* bepaal mag word en wat deur die genoemde *bevelvoerder* in 'n posbekrywing gespesifiseer is;
(iv) moet, waar nodig, in die relevante regsaspekte, beleid en instruksies wat van toepassing is op sy of haar spesifieke werksaamhede, opgelei word;

(v) mag, ooreenkomstig regulasie 5 van *die Regulasies*, deur die Nasionale of ‘n Provinsiale Kommissaris opgeroep word om op ‘n plek, datum en tyd deur die Nasionale of Provinsiale Kommissaris bepaal, vir diens te rapporteer en om sodanige funksies op sodanige plekke vir sodanige tydperke as wat deur die betrokke Nasionale of Provinsiale Kommissaris bepaal mag word, te verrig.

(c) Kategorie C *Reserviste*: Gespesialiseerde Funksionele Polisiëring:
‘n *Reservis* wat in hierdie kategorie aangestel word —

(i) moet ‘n persoon wees wat oor besondere vaardigheid of kundigheid beskik wat operasioneel deur die Diens benut kan word;

(ii) moet spesifieke werksaamhede op sy of haar terrein van kundigheid verrig;

(iii) mag, met die goedkeuring van sy of haar *bevelvoerder*, ‘n uniform dra;

(iv) moet in die relevante regsaspekte, beleid en instruksies van toepassing of sy of haar spesifieke werksaamhede, opgelei word; en

(v) mag, ooreenkomstig regulasie 5 van *die Regulasies*, deur die Nasionale of ‘n Provinsiale Kommissaris opgeroep word om op ‘n plek, datum en tyd deur die Nasionale of Provinsiale Kommissaris bepaal, vir diens te rapporteer en om sodanige funksies, relevant tot sy of haar spesifieke vaardighede, op sodanige plekke vir sodanige tydperke as wat deur die betrokke Nasionale of Provinsiale Kommissaris bepaal mag word, te verrig.

(d) Kategorie D *Reserviste*: Landelike en Stedelike Beveiliging:
‘n *Reservis* wat in hierdie kategorie aangestel word —

(i) moet werksaamhede in operasionele fasette van polisiëring wat betrekking het op landelike en stedelike beveiliging in ‘n spesifieke sektor op *stasie*- of *eenheid*svlak, uitsluitend gespesialiseerde funksionele dienste, verrig;

(ii) mag ‘n uniform dra;

(iii) mag sodanige dienste onder die toesig van ‘n permanente lid of Kategorie A *reservis* verrig, indien nodig;

(iv) moet in die relevante regsaspekte, beleid en instruksies van toepassing of sy of haar spesifieke werksaamhede, sowel as aspekte van funksionele polisiëring relevant tot sy of haar werksaamhede, opgelei word;

(v) mag, ooreenkomstig regulasie 5 van *die Regulasies*, deur die Nasionale of ‘n Provinsiale Kommissaris opgeroep word om op ‘n plek, datum en tyd deur die Nasionale of Provinsiale Kommissaris bepaal, vir diens te rapporteer en om sodanige funksies wat betrekking het op landelike en stedelike beveiliging, op sodanige plekke soos gemeld in subparagraaf (vii) vir sodanige tydperke as wat deur die betrokke Nasionale of Provinsiale Kommissaris bepaal mag word, te verrig;

(vi) is vrygestel van die normale keuringsvereistes met betrekking tot akademiese kwalifikasies en psigometriese toetse;

(vii) mag slegs sy of haar dienste in ‘n spesifieke gebied soos deur die *bevelvoerder* in ‘n posbeskrywing gespesifiseer, verrig; en

(viii) moet ondanks die bepalings van paragraaf 19 vir diens rapporteer op ‘n wyse en plek soos deur die *bevelvoerder* bepaal.

(3) ‘n *Reservis* wat in een kategorie aangestel is, mag na ‘n ander kategorie oorgeplaas word indien hy of sy aan al die vereistes vir die spesifieke kategorie voldoen en die vereiste opleiding vir daardie kategorie ondergaan het of bereid is om dit te ondergaan.

(4) Geen *reservis* mag, sonder die skriftelike toestemming van die Nasionale Kommissaris, algemene operasionele werksaamhede by die Spesiale Taakmag, Beskermings- en Sekuritietesdienste, ‘n Nasionale Sleutelpunt, ‘n lughawe of enige Intervensie *Eenheid* verrig nie.

(5) Die Nasionale Kommissaris mag in sekere omstandighede, indien hy of sy dit wenslik en in belang van die Diens ag, instruksies uitreik aangaande die uitkenning van spesifieke kategorieë *reserviste*.

3. Diensstaat van die Reserwe Polisiediens

Elke *bevelvoerder* moet die diensstaat van *reserviste* by sy of haar *stasie* of ander kantoor in ooreenstemming met die behoeftes en prioriteite by sy of haar *stasie* of kantoor bepaal, met inagneming van die beskikbare hulpmiddele tot sy of haar beskikking om sodanige *reserviste* op te lei en toe te rus, sowel as die Hulpbronbestuursplan van toepassing op die *stasie* of kantoor.

HOOFSTUK 3
BESTUUR VAN DIE RESERWE POLISIEDIENS

4. Bevel en beheer oor reserviste

(1) Alle *reserviste* dien onder die bevel en beheer van die Nasionale Kommissaris.

(2) ‘n *Reservis* dien onder die spesifieke bevel van ‘n *bevelvoerder*, *koördineerder* en *hoof reservis* van die betrokke afdeling, provinsie, area, *stasie* of *eenheid*.

(3) Alle *reserviste* funksies sal deur die *koördineerder* en *hoofreservis* van die betrokke afdeling, provinsie, area, *stasie* of *eenheid* gekoördineer en beheer word.

5. Aanwys van koördineerders en hoofreservis*te*

(1) Die Afdelingskommissaris: Misdaadvoorkoming moet ‘n senior offisier binne sy of haar afdeling as *Nasionale Koördineerder* en ‘n *reservis* as die nasionale *hoof reservis* aanwys om die funksies van *reserviste* op nasionale vlak te koördineer en te beheer ten einde ‘n effektiewe Reserwe Polisiediens

in stand te hou.

(2) Elke *bevelvoerder* moet ‘n permanente lid as *koördineerder* en ‘n *reservis* as *hoofreservis* aanwys wat verantwoordelik is die *reserviste* van die afdeling, provinsie, area, *stasie* of *eenheid* te bestuur ten einde die effektiewe aanwending van die *reserviste* te verseker.

(3) Die rang van ‘n *hoofreservis* in ‘n provinsie, area, *stasie* of *eenheid* mag nie hoër wees as die rang wat deur die *bevelvoerder* van die betrokke provinsie, area, *stasie* of *eenheid* beklee word nie en mag, in elk geval, nie hoër as dié van assistent kommissaris wees nie.

6. Voorrang en betoning van respek

(1) Geen *reservis* het gesag oor ‘n permanente lid nie behalwe as ‘n *bevelvoerder* in die afwesigheid van ‘n permanente offisier, ‘n *reservis* offisier in bevel van ‘n spesifieke operasie plaas waarin permanente lede en *reserviste* betrokke is.

(2) ‘n Permanente lid moet die nodige respek aan ‘n *reservis*, wat ‘n hoër rang as hy of sy beklee, betoon. ‘n *Reservis* offisier moet deur ‘n permanente lid of *reservis* wat ‘n laer rang beklee, gesalueer word.

(3) Die voorrang van *reserviste* wat dieselfde rang beklee, sal afhang van die onderskeie datums van aanstelling in daardie rang: Met dien verstande dat ‘n *reservis* wat aangestel is as *hoofreservis* van ‘n afdeling, provinsie, area, *stasie* of *eenheid*, bevel oor al die ander *reserviste* in daardie betrokke afdeling, provinsie, area, *stasie* of *eenheid* sal hê, ongeag sy of haar datum van aanstelling.

(4) Indien twee of meer *reserviste* met dieselfde rang op dieselfde datum in sodanige rang aangestel is, sal hulle voorrang, met behoorlike inagneming van die voorbehoud tot subparagraaf (3), bepaal word volgens hulle datum van aanstelling in die laer range of range wat hulle voor hulle aanstelling in hul huidige range beklee het.

HOOFSTUK 4
INSKRYWING

7. Werwingsveldtogte

Gefokusde werwingsveldtogte moet voortdurend van stapel gestuur word om nuwe *reserviste* te werf gebaseer op die operasionele behoeftes en prioriteite van die Diens en om gespesialiseerde kundigheid en vaardighede te verkry waar dit benodig word.

8. Vereistes van toepassing op persone van spesifieke groepe

(1) Die volgende persone mag nie as *reserviste* aangestel word nie:

(a) ‘n persoon wat medies ongeskik by ‘n vorige werkgewer ontslaan is: Met dien verstande dat so ‘n persoon as ‘n Kategorie B *reservis* aangestel kan word;

(b) ‘n voormalige lid van die Diens wie se aansoek om herindiensneming weens negatiewe oorwegings afgewys is;
(c) ‘n lid van die Gewone Mag van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag soos omskryf in artikel 52 van die Verdedigingswet, 2002 (Wet No. 42 van 2002);
(d) ‘n persoon in ‘n sleutelposisie soos deur die Departement van Arbeid bepaal;
(e) ‘n persoon wat enige pos of amp in ‘n politieke party, organisasie, beweging of liggaam beklee;
(f) ‘n persoon wat aktief in politiek betrokke is of wat ‘n uitgesproke ondersteuner van ‘n politieke party is en die onpartydige aard van die Diens mag skend;
(g) ‘n voltydse joernalis;
(h) ‘n persoon wat nie ‘n vaste woonadres het nie;
(i) ‘n skolier;
(j) ‘n sekuriteitsbeampte of wag of ‘n persoon verbonde aan ‘n privaat sekuriteitsorganisasie (hetsy as direkteur, vennoot of werknemer);
(k) ‘n lid van ‘n munisipale polisiediens (insluitende ‘n plaaslike wetstoepassingsbeampte); en
(l) ‘n balju of adjunk-balju.

(2) Die volgende persone kan, onderworpe aan die voorwaarde of voorwaardes in elke geval gemeld, as *reserviste* aangestel word:
(a) ‘n beampte of werknemer van Transnet, met die skriftelike goedkeuring van sy of haar departementshoof;
(b) ‘n lid van die Departement van Korrektiewe Dienste —
  (i) indien sy of haar pligte as *reservis* nie met sy of haar normale werksaamhede sal inmeng nie;
  (ii) indien die belange van die Departement van Korrektiewe Dienste te alle tye eerste gedien sal word; en
  (iii) kan nie sonder die toestemming van die Departement van Korrektiewe Dienste kragtens regulasie 5 van *die Regulasies* opgeroep word nie;
(c) Staatsdienswetpersoneel in diens van die Diens, indien hulle hul pligte as *reserviste* buite hul normale werksure verrig;
(d) ‘n Werknemer van ‘n munisipaliteit, insluitend ‘n lid van die nooddienste, —
  (i) indien sy of haar pligte as *reservis* nie met sy of haar normale werksaamhede sal inmeng nie;
  (ii) indien die belange van die munisipaliteit te alle tye eerste gedien sal word; en
  (iii) kan nie sonder die toestemming van die betrokke munisipaliteit kragtens regulasie 5 van *die Regulasies* opgeroep word nie;

(e) ‘n lid van die reserwe mag van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag —
  (i) indien sy of haar pligte as *reservis* nie met sy of haar normale werksaamhede sal inmeng nie;
  (ii) indien die belange van die Suid-Afrikaanse Nasionale

Weermag te alle tye eerste gedien sal word; en

(iii) kan nie sonder die toestemming van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag kragtens regulasie 5 van *die Regulasies* opgeroep word nie;.

(3) Die bepalings van Nasionale Instruksie No. 7/2000 moet ook in ag geneem word en ‘n persoon wat werk doen waarna daarin verwys word, mag nie as ‘n *reservis* aangestel word nie.

(4) Addisionele vereistes vir spesifieke *eenhede* of funksies word in Hoofstuk 8 uiteengesit.

(5) Dit moet tot die aandag van *reserviste* en voornemende *reserviste* gebring word dat hulle dienste as *reserviste* nie verseker dat hulle in diens geneem sal word indien hulle vir ‘n permanente pos in die Diens aansoek sou doen nie en ook nie enige vergoeding vir sodanige vrywillige dienste sal ontvang nie, tensy hulle ingevolge regulasie 5 van die *Regulasies* opgeroep word nie.

9. Keuringsproses

(1) Die keuring van *reserviste* moet op dieselfde wyse as die keuring van applikante vir permanente aanstelling hanteer word : Met dien verstande dat ‘n applikant nie in besit van ‘n bestuurslisensie hoef te wees nie.

(2) ‘n Sekerheidsklaring moet slegs verkry word waar die pligte van die *reservis* van so ‘n aard sal wees dat ‘n sekerheidsklaring nodig sal wees.

(3) Waar ‘n applikant nie ‘n Suid-Afrikaanse burger is nie, moet die vorm Z204 (Sekerheidsvraelys) in drievoud in tikskrif of met blokletters in swart ink voltooi word. Die betrokke afdelings- of provinsiale kommissaris moet hierdie vorm aan die Afdelingskommissaris: Misdaad Intelligensie (Vir aandag: Klaringseenheid) voorlê, om ‘n sekerheidsklaring aan te vra. So ‘n applikant moet in besit van ‘n Suid-Afrikaanse identiteitsnommer wees. Indien die aanstelling van die applikant aanbeveel word, moet die aanbeveling behoorlik gemotiveer word.

(4) Indien ‘n applikant nie aan al die vereistes vir aanstelling voldoen nie, maar sy of haar aanstelling word steeds aanbeveel, of indien daar omstandighede is wat dit nie raadsaam maak om die aanstelling van ‘n applikant, wat aan al die vereistes voldoen, aan te beveel nie, moet ‘n gemotiveerde verslag by die aanbevelings van die *bevelvoerder* ingesluit word. Sodanige aansoeke, wat nie ooreenkomstig die bepalings van regulasie 3 van *die Regulasies* goedgekeur kan word nie, moet via die Afdelingskommissaris : Misdaadvoorkoming na die Afdelingskommissaris: Personeeldienste gestuur word met ‘n aanbeveling van die betrokke afdelings- of provinsiale kommissaris.

10. Herindiensneming van voormalige SAPD lede of reserviste

(1) ‘n Persoon wat voorheen in die Suid-Afrikaanse Polisiediens of Reserwe Polisiediens gedien het, kan as *reservis* herindiens geneem word: Met dien verstande dat hy of sy aan die vereistes voldoen. So ‘n applikant moet,

indien hy of sy vir 'n tydperk langer as twee (2) jaar onaktief was, 'n opknappingskursus deurloop. Gedurende die keuringsproses moet navrae omtrent die applikant se vorige diensrekord gedoen word om sy of haar aanvaarbaarheid en geskiktheid om by die Reserwe Polisiediens aan te sluit, te bepaal. 'n Verslag van die vorige *bevelvoerder* van die applikant moet by die aansoek ingesluit word.

(2) 'n Voormalige SAPD lid of *reservis* wie se aansoek om herindiensneming goedgekeur is, mag in die rang wat hy of sy beklee het toe hy of sy die Suid-Afrikaanse Polisiediens of Reserwe Polisiediens verlaat het, aangestel word. Die finale beslissing rakende die rang waarin hy of sy heraangestel sal word, is die verantwoordelikheid van die betrokke afdelings- of provinsiale kommissaris.

(3) Die feit dat die herindiensneming goedgekeur is, asook die applikant se vorige PERSAL nommer en die rang waarin hy of sy heraangestel word, moet in die opmerkingskolom in SAPD 93 (d) vermeld word.

11. Aansoeke en verwante dokumente

(1) Die *koördineerder* moet verseker dat die volgende vorms voltooi word wanneer 'n persoon aansoek doen om as 'n *reservis* aangestel te word:
- (a) Aansoek om aanstelling as lid van die Reserwe Polisiediens (Keuringsverslag), (SAPD 93);
- (b) Gesondheidsvraelys, (SAPD 93(a));
- (c) Persoonlike vertroulike navraag, (SAPD 93(b));
- (d) Persoonlike besonderhede van lid van die Reserwe Polisiediens, (SAPD 93(c));
- (e) Aanstelling as lid van die Suid-Afrikaanse Reserwe Polisiediens (SAPD 93(d));
- (f) Onderneming by aanstelling in die Suid-Afrikaanse Reserwe Polisiediens, (SAPD 93(e));
- (g) Vrywaring (*reserviste* verbonde aan die Lugvleuel), (SAPD 93(f));
- (h) Vrywaring (*reserviste* verbonde aan die Berede *Eenheid*), (SAPD 93(g));
- (i) Aansoek om vrywillige bedanking/ Kennisgewing van ontslag: Suid-Afrikaanse Polisiediens(SAPS 93(h))
- (j) Tydelike Aanstellingsertifikaat Reserwe Polisiediens, (SAPD 93(i))
- (k) Sekerheidsvraelys, Z204 - waar van toepassing;
- (l) Vingerafdruk navraagvorm, SAPD 91(a);
- (m) Ampseed SAPD 95; en
- (n) Toestemmingsbrief van ouer of voog indien die applikant onder 21 jaar is.

(2) Die volgende moet gedoen word wanneer 'n aansoek vir aanstelling as *reservis* ontvang word:
- (a) Die applikant moet, met die *hulp* van die *koördineerder*, die SAPD 93 deel 1, SAPD 93(c), SAPD 93(e), SAPD 93(a) asook die SAPD 91(a) voltooi. Die nodige reëlings moet, waar van toepassing, getref word vir die applikant om die psigometriese toetse te ondergaan.
- (b) Die SAPD 91(a) moet onmiddellik na die Kriminele Rekord Sentrum

gestuur word om vas te stel of die applikant enige vorige veroordelings het. ‘n Rekenaar navraag kan intussen by die Plaaslike Kriminele Rekord Sentrum gedoen word. ‘ n Applikant mag nie aangestel word alvorens die uitslae van die psigometriese toets, indien van toepassing, wat aandui dat die applikant ‘n geskikte kandidaat is, nie ontvang is nie.

(c) Die *koördineerder* moet telefoniese navrae omtrent die applikant se geskiktheid om as *reservis* aangestel te word, doen en ‘n SAPD 93(b) in dié verband voltooi.

(d) Die *koördineerder* moet die SAPD 93 (Keuringsverslag) voltooi. ‘n Keuringskomitee bestaande uit die *bevelvoerder*, die *hoofreservis, koördineerder*, en sodanige ander lede as wat die *bevelvoerder* nodig mag ag, moet bepaal of die applikant geskik is.

(e) Indien die applikant geskik bevind word, moet die aansoek saam met ‘n aanbeveling van die keuringskomitee aan die Areakommissaris voorgelê word vir goedkeuring, waarna die applikant ingesweer moet word en die SAPD 95 voltooi moet word.

(f) Na aanstelling van die applikant, moet die SAPD 93(d) in viervoud (X4) aan die Provinsiale kantoor: Personeeldienste gestuur word vir die toekenning van ‘n PERSAL nommer. Die SAPD 93(d) moet getik word en mag nie deur middel van ‘n faksimilee gestuur word nie.

(g) Na toekenning van ‘n PERSAL nommer, moet al die afdrukke van die SAPD 93(d) deur die Provinsiale kantoor: Personeeldienste geëndosseer en na die betrokke *bevelvoerder* gestuur word. Hierdie vorms moet op die persoonlike leêr van die betrokke *reservis* geliaseer word waarna sy of haar opleiding mag begin. Hy of sy mag egter nie toegelaat word om funksionele dienste te verrig, alvorens hy of sy die voorgeskrewe opleiding voltooi het en deur die betrokke Provinsiale of Area Opleidingsbestuurder bevoeg verklaar is nie. Funksionele pligte sluit gemeenskapdienssentrum pligte (uitgesluit sertifiserings), patrolliediens, stedelike en landelike polisiëring, wagdienste, ens, in.

(h) Indien ‘n applikant nie vorige veroordelings openbaar het nie en hy of sy is alreeds aangestel, moet die *bevelvoerder*, indien gepas, stappe doen om die *reservis* te ontslaan.

(i) ‘n Applikant wat aansoek gedoen het om ‘n Kategorie A *reservis* te word, wat nie aanbeveel is nie as gevolg van die feit dat hy of sy nie die profiel van ‘n polisiebeampte het soos deur die psigometriese toets aangedui nie, mag as ‘n Kategorie B of D *reservis* aangestel word: Met dien verstande dat hy of sy geag word ‘n geskikte kandidaat te wees.

(j) In die geval van ‘n aansoek vir die Lugvleuel, moet ‘n addisionele vrywaringsvorm (SAPD 93(f)) voltooi en op die lêer van die applikant gehou word. Die prosedure vir die hantering van ‘n aansoek vir aanstelling as *reservis* by die Lugvleuel, word in paragraaf 36 hanteer.

(k) Indien ‘n applikant aansoek doen vir die Berede *Eenheid* moet ‘n SAPD 93(g) voltooi en op die lêer van die applikant geplaas word.

(3) Die Daaglikse Kennisgewing van Verandering (SAPD 172) moet ook ten

opsigte van veranderings betreffende *reserviste* deur die *koördineerder* op afdelings, provinsiale, area, *stasie* of eenheidsvlak voltooi word waarna dit aan die provinsiale kantoor: Personeeldienste versend moet word en die inligting op die PERSAP stelsel ingelees moet word.

(4) Die *bevelvoerder* moet, drie maande na die aanstelling van 'n *reservis*, 'n verslag aan die *bevelvoerder* op die volgende hoër vlak stuur wat aandui of die *reservis* die vereiste toewyding toon en of sy of haar opleiding bevredigend vorder.

12. Aanstellingsertifikate

(1) Sodra 'n *reservis* aangestel is, moet 'n aanstellingsbrief in die vorm vervat in die SAPD 93(I), aan hom of haar uitgereik word met die aanwysing "Student polisie *reservis*" asook die kategorie van aanstelling.

(2) Sodra 'n *reservis* opleiding susksesvol voltooi het en bevoeg gesertifiseer is deur die verantwoordelike Opleidingsbestuurder op provinsiale of area vlak moet 'n aanstellingsertifikaat in die vorm vervat in Aanhangsel A tot *die Regulasies* aan hom of haar uitgereik word, waarna die aanstellingsbrief ingetrek en op sy of haar persoonlike lêer geliasseer moet word. Die kategorie van aanstelling moet op die aanstellingsertifikaat aangedui word.

(3) Die instruksies vervat in SO(A) 55 betreffende aanstellingsertifikate, is ook op 'n *reservis* van toepassing.

(4) 'n *Reservis* moet, terwyl aan diens, te alle tye in besit van sy of haar aanstellingsertifikaat wees.

(5) Indien 'n *reservis* sy of haar aanstellingsertifikaat misbruik, moet die sertifikaat onmiddellik teruggetrek word en die aangeleentheid ondersoek word met die oog op die instel van dissiplinêre stappe, indien gepas.

(6) Die inhoud van subparagrawe (4) en (5) en die bepalings van SO(A) 55 asook die nadelige gevolge wat kan ontstaan indien 'n aanstellingsertifikaat in die verkeerde hande beland, moet pertinent gedurende hulle opleiding en wanneer aanstellingsertifikate aan hulle uitgereik word, onder die aandag van *reserviste* gebring word.

(7) Indien 'n *reservis* 'n aanstellingsertifikaat verloor, moet die omstandighede ondersoek en volledig aan die betrokke afdelings-, provinsiale of areakommissaris gerapporteer word, wat moet besluit of die *reservis* vir die koste van die vervanging verantwoordelik gehou moet word.

13. Uniform en uitrusting

(1) Sodra 'n *reservis* sy of haar opleiding suksesvol voltooi en bevoeg gesertifiseer is deur die verantwoordelike Opleidingsbestuurder op provinsiale of area vlak, moet die voorgeskrewe uniform en uitrusting, indien van toepassing, aan hom of haar uitgereik word na vertoning van 'n SAPD 292.

(2) Elke *reservis* wat met ‘n uniform uitgereik is, moet in volledige uniform geklee wees wanneer hy of sy vir diens rapporteer, tensy dit vir ‘n spesifieke taak vereis word dat hy of sy burgerdrag dra.

(3) ‘n *Reservis* wat nog nie ‘n uniform ontvang het nie of ‘n *reservis* wat nie toegelaat word om ‘n uniform te dra nie, moet, wanneer hy of sy as *reservis* dienste verrig, in netjiese burgerdrag geklee wees ooreenkomstig die instruksies vervat in die Dragorders, tensy die tipe werksaamhede alternatiewe kleredrag vereis.

(4) Dieselfde vereistes vir netheid, haarstyl en die dra van ‘n baard soos van toepassing op ‘n permanente lid, is van toepassing op ‘n *reservis* wat ‘n uniform dra.

(5) Uniformstukke moet op ‘n een-tot-een grondslag een maal per jaar omgeruil word. ‘n Uniformstuk wat ingevolge die voorgeskrewe skaal van uitreiking aan ‘n *reservis* uitgereik is en wat beskadig of onnet is as gevolg van alledaagse gebruik, kan slegs met dieselfde tipe uniformstuk vervang word.

(6) Uniforms moet een maal per jaar gratis uitgereik word op ‘n VAS 2 teenoor ‘n *reservis* se PERSAL nommer nadat onbruikbare uniformstukke teruggehandig is aan die rekenpligtige stoor vir beskikking. Indien ‘n *reservis* ‘n uniform vanaf die uniform winkel verkry, moet sy of haar *bevelvoerder* skriftelik spesifiseer welke uniformstukke aan sodanige *reservis* uitgereik moet word.

(7) Alle uniformstukke en ander uitrusting van ‘n *reservis* wat aftree, bedank of ontslaan is, moet by die naaste polisiestasie of die *stasie* wat die ontslag hanteer het, ingehandig word. Alle toepaslike kledingstukke moet in die Eiendomsregister (SAPD 13) aangeteken word vir beskikking ooreenkomstig bestaande instruksies.

(8) Uniform en uitrusting mag slegs deur ‘n *reservis* gedra word terwyl aan diens of terwyl hy of sy onderweg is om aan diens te rapporteer of onderweg is na sy woning nadat hy of sy van diens rapporteer het. Indien ‘n *reservis* sy of haar uniform of uitrusting ongemagtig gebruik, moet dit, waar toepaslik, onmiddellik ingetrek en die voorval ondersoek word met die oog op gepaste dissiplinêre stappe.

(9) Die kentekens, knope, rangtekens, kraagpatte en pettuite van die lede van die Reserwe Polisiediens is dieselfde as dié van permanente lede van die Diens.

(10) Die Nasionale Kommissaris kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy of sy bepaal, die gratis uitreiking van enige uniformstuk of uitrusting vanuit standaard voorraad aan ‘n *reservis* wat diens doen of opleiding ondergaan, magtig.

(11) Die Nasionale Kommissaris kan, in omstandighede waar ‘n uniformstuk of uitrusting ondiensbaar geraak het of verloor is as gevolg van wangebruik of

die nalatigheid van die *reservis*, gelas dat sodanige *reservis* vir die vervanging van die uniformstuk of uitrusting betaal.

(12) Die Nasionale Kommissaris kan die volle of gedeeltelike betaling uit staatsfondse vir die herstel of vervanging van die private eiendom van ‘n *reservis* wat in die uitvoering van sy of haar pligte as *reservis* beskadig, vernietig of verloor is, of wat blootgestel was aan buitengewone slytasie tydens die verrigting van polisiewerksaamhede, magtig, indien sodanige skade, verlies of vernietiging nie aan die *reservis* se eie opsetlike of grof nalatige optrede of nie-nakoming van instruksies te wyte is nie.

(13) Die *bevelvoerder* onder wie se bevel ‘n *reservis* ressorteer moet jaarliks alle uniformstukke en uitrusting aan ‘n *reservis* uitgereik, inspekteer en vir die doeleindes ‘n *reservis* gelas om dit vir inspeksie voor te lê.

14. Bevordering van goeie verhoudinge

Goeie verhoudings tussen permanente lede en *reserviste* moet te alle tye gehandhaaf word. Vir hierdie doel —

(a) moet permanente lede besef dat *reserviste* ‘n gemeenskapsdiens lewer deur vrywillig te help om misdaad te bekamp en die gemeenskap te beskerm;

(b) moet permanente lede geduldig wees met *reserviste*, hulle adviseer en leiding gee om te verseker dat hulle effektief funksioneer en oor hulle werk toesig hou totdat hulle in staat is om effektief sonder toesig te funksioneer. (Dit kan ‘n lang tydperk duur weens die beperkte ure wat deur ‘n *reservis* gewerk word en omdat die opleiding van ‘n *reservis* nie so omvattend soos dié van permanente lede is nie);

(c) behoort ‘n *reservis* nie te huiwer om advies of leiding van permanente lede, selfs van dié wat laer range as hy of sy beklee, te vra nie; en

(d) kan ‘n *bevelvoerder* ‘n besonder betekenisvolle bydrae maak deur sy of haar ondergeskiktes aan te moedig om ‘n positiewe gesindheid jeens *reserviste* en die dienste wat hulle lewer, te koester en deur ‘n voorbeeld in hierdie verband te stel.

15. Lidmaatskap van ‘n polisie sport- en ontspanningsklub

Indien ‘n *reservis* ‘n lid van ‘n polisie sport- of ontspanningsklub word, —

(a) mag hy of sy slegs met die goedkeuring van die bestuur van die relevante provinsiale sportliggaam, in ‘n span wat die Diens verteenwoordig, ingesluit word;

(b) vind sy of haar deelname in ‘n span wat die Diens verteenwoordig, op sy of haar eie risiko plaas en sal hy of sy nie geag word aan diens te wees vir die duur van sy of haar deelname nie en sal ‘n besering wat tydens sodanige deelname deur hom of haar opgedoen word, nie as ‘n besering aan diens beskou word nie; en

(c) sal hy of sy verantwoordelik wees vir sy of haar eie mediese -, reis- en verblyfkoste en ander uitgawes met betrekking tot sy of haar deelname aan die aktiwiteite van die klub: Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie die betrokke klub verbied om ‘n *reservis* te vergoed vir enige sodanige uitgawes wat aangegaan is nie.

HOOFSTUK 5
OPLEIDING

16. Algemeen

(1) ‘n *Reservis* moet sodanige opleiding as wat die Nasionale Kommissaris mag bepaal, ondergaan en daar kan nie van hom of haar vereis word, of toegelaat word, om enige amptelike funksie of plig te verrig waarvoor hy of sy nie behoorlik opgelei is nie.

(2) ‘n Standaard modulêre opleidingskurrikulum en program vir *reserviste*, moet deur die Afdeling: Opleiding in samewerking met die Afdeling: Misdaadvoorkoming opgestel en bygehou word. Die basiese opleidingskurrikulum sluit teoretiese en praktiese opleiding in, wat in fases aangebied sal word.

(3) Opleiding van *reserviste* moet onder die leiding en bestuur van die betrokke Opleidingsbestuurder op provinsiale of area vlak plaasvind. Dit is die verantwoordelikheid van die *bevelvoerder* om alle opleidingbehoeftes met die betrokke Opleidingsbestuurder te kommunikeer, wie verantwoordelik is om voorsiening vir die opleiding van alle *reserviste* in die provinsie en/of area Taktiese Opleiding- en Werksplekvaardigheidsplanne te maak.

(4) Die Afdelingskommissaris: Opleiding en/ of provinsiale kommissaris moet begroot en fondse van die opleidingsbegroting van die afdeling of provinsie vir die opleiding van *reserviste* in sy of haar afdeling of provinsie, beskikbaar stel.

(5) Opleidingskampe moet, sover moontlik, in elke area of op stasievlak vir al die *reserviste* gereël word.

(6) Rekord van alle relevante kursusse en modules wat suksesvol deur ‘n *reservis* voltooi is, moet op die persoonlike lêer van die *reservis* by die *stasie* geliasseer word. Behoorlike opleidingsrekords van alle *reserviste* moet deur die Opleidingsbestuurder verantwoordelik vir die bestuur van reserviste opleiding op provinsiale of area vlak bygehou word.

(7) Sertifisering van *reserviste* om bevoegdheid te bepaal moet deur die betrokke Opleidingsbestuurder op ‘n Opleidingsertifikaat (Suksesvol), (SAPD 292), op provinsiale of area vlak hanteer word.

17. Vuurwapens en skietoefeninge

(1) ‘n *Reservis* moet aan die vereistes van *die Wet* op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No. 60 van 2000), rakende die besit en gebruik van amptelike vuurwapens en ammunisie gedurende amptelike pligte, soos van toepassing op permanente lede, voldoen.

(2) ‘n *Reservis* wat werksaamhede verrig wat vereis dat hy of sy gewapen moet wees, moet behoorlik in die hantering van vuurwapens, die bepalings van

artikel 49 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No 51 van 1977), en orders betreffende die gebruik van vuurwapens opgelei word, alvorens hy of sy toegelaat kan word om gewapen aan diens te gaan.

(3) ‘n *Reservis* moet met ‘n amptelike vuurwapen en ammunisie uitgereik word terwyl amptelike pligte uitgevoer word wat die dra van ‘n vuurwapen noodsaak. Onder geen omstandighede mag ‘n *reservis* gebruik maak van sy of haar privaat vuurwapen tydens amptelike dienste nie. Wanneer ‘n *reservis* in besit van ‘n amptelike vuurwapen is, moet die vuurwapen, ooreenkomstig *die Wet* op Beheer van Vuurwapens, 2000, gedra word. In die geval waar magtiging aan ‘n *reservis* verleen is om na sy of haar amptelike diens in besit van ‘n amptelike vuurwapen te wees, of om sy of haar amptelike vuurwapen by sy of haar woonplek te hou, moet die *reservis* oor behoorlike bewaringsfasiliteite beskik. Sodanige bewaringsfasiliteite moet voor verlening van magtiging deur die *bevelvoerder* geïnspekteer word wie moet sertifiseer dat die bewaringsfasiliteit geïnspekteer is en aan al die vereistes van *die Wet* op die Beheer van Vuurwapens, 2000 voldoen.

(4) ‘n Vuurwapen mag nie aan ‘n *reservis*, wat onbevoeg verklaar is om ‘n vuurwapen te besit, uitgereik word nie.

(5) ‘n *Reservis* moet, wanneer hy of sy aan diens rapporteer, behoorlik geïnspekteer word. Die reeksnommer van die vuurwapen en die aantal rondtes aan hom of haar uitgereik, moet in die Voorvalleboek (SAPD 10) of die Verslag van die Wyk*bevelvoerder* (SAPD 15), (indien van toepassing), en in as ‘n register wat vir die doel gehou word, ingeskryf word. SO(A) 256 betreffende die toesig en beheer van ‘n skof is ook van toepassing op *reserviste*.

(6) Elke *reservis* moet, waar van toepassing, aan die jaarlikse skietoefeninge deelneem. ‘n *Reservis* wat aan skietoefeninge deelneem, word geag aan diens te wees vir die duur van die oefening sowel as wanneer hy of sy na en van die skietbaan reis, ongeag of die baan binne of buite die grense van sy of haar *stasie* is. Indien ‘n *reservis* verkies om van privaat vervoer gebruik te maak, is die bepalings van regulasie 23(6)(b)(i) van die Suid-Afrikaanse Polisiediens Regulasies van toepassing.

HOOFSTUK 6
UITVOER VAN WERKSAAMHEDE

18. Diensure, dienslys en diensregister

(1) Alhoewel ‘n *reservis* vrywillige diens verrig, word verwag dat ‘n minimum van sestien (16) ure vrywillige funksionele diens per maand, soos deur die betrokke *bevelvoerder* bepaal, verrig word, uitsluitend Kategorie B en C *reserviste* wat diens verrig gebaseer op die spesifieke behoeftes van die betrokke afdeling, provinsie, area, *stasie* of *eenheid*. In uitsonderlike gevalle en met goeie rede mag ‘n *reservis*, as ‘n tydelike maatreël, van hierdie verpligting vrygestel word. In so ‘n geval moet skriftelike goedkeuring van

die betrokke *bevelvoerder* verkry word. Indien 'n *reservis* versuim om aan hierdie bepalings te voldoen, mag stappe kragtens paragraaf 32, teen hom of haar ingestel word.

(2) 'n Dienslys vir *reserviste*, wat dieselfde tydperk dek as vir permanente lede by 'n *stasie* en waarin die pligte van *reserviste* uiteengesit word, moet by elke *stasie* saamgestel word.

(a) Dit is die verantwoordelikheid van die *hoofreservis* by 'n *stasie* om, in samewerking met die *koordineerder en bevelvoerder*, na vooraf konsultasie met elke *reservis* wat onder hom of haar dien en nadat hy of sy die omstandighede van elke *reservis* sorgvuldig oorweeg het, 'n dienslys saam te stel.

(b) 'n Afskrif van hierdie dienslys, saam met die dienslys van permanente lede moet in die gemeenskapdienssentrum vasgeheg word.

(c) Dienslyste moet, na die afloop van elke siklus, saam met die dienslyste van permanente lede, geliasseer word.

(3) 'n Diensregister moet by elke *stasie* gehou word om die behoorlike aantekening van die dienste deur *reserviste* gelewer, te verseker. Die register bestaan uit los SAPD 259 vorms waarop die tyd en aard van die dienste deur elke *reservis* gelewer, aangeteken moet word.

(a) 'n Aparte vorm moet vir elke *reservis* per maand gebruik word. Aan die einde van elke maand moet die aantal ure wat deur elke *reservis* gewerk is, afgesluit en opgetel word. Die ure diens vrywilllig verig deur 'n reservis en die ure diens waarvoor die reservis opgeroep en vergoed was moet apart bygehou word.

(b) Ten einde 'n opgesomde rekord van die pligte van 'n *reservis* oor 'n lang tydperk te hou, moet die aantal ure wat 'n *reservis* in elke maand gewerk het op 'n lys, wat verdeel is in kolomme vir maande en jare, aangeteken word. So 'n lys moet in die persoonlike lêer van 'n *reservis* gehou word.

(c) Die SAPD 259 moet in 'n los-blad sisteem vir elke *reservis* gehou word. Sodra 'n bladsy vol is en nadat die aantal ure vir die afgelope maand gewerk, opgetel is (sowel as in die geval van 'n *reservis* wat verplaas is), moet daardie bladsy in die *reservis* se persoonlike lêer op *stasie* vlak geliasseer word.

(d) Die diensregister moet te alle tye beskikbaar wees vir inspeksie deur die inspekterende of ander besoekende offisier.

(e) Die *bevelvoerder* of 'n senior lid, deur hom of haar aangewys, moet gereeld die diensregister met Sakboekies (SAPD 206) en SAPD 15 vergelyk ten einde te verseker dat die besonderhede korrek aangeteken is.

19. Rapportering aan en van diens

(1) Voordat 'n *reservis* enige pligte in sy of haar hoedanigheid as *reservis* mag verrig, moet hy of sy eers amptelik aan diens geplaas word. 'n Applikant mag onder geen omstandighede aan diens geplaas word voordat sy of haar aansoek om aanstelling as *reservis* goedgekeur is en 'n PERSALnommer uitgereik is nie.

(2) Wanneer 'n *reservis* vir diens rapporteer, moet hy of sy, in die SAPD 10 of op 'n SAPD 15, as daar meer as vyf *reserviste* is of waar 'n SAPD 10 nie bygehou word nie, aan diens geplaas word en in sy of haar sakboek, nadat hy of sy deur die lid in bevel van die skof of deur 'n ander senior lid aan diens geïnspekteer is. Laasgenoemde moet die inskrywing in die *reservis* se sakboek parafeer.

(a) Aangesien praktiese probleme betreffende die bogenoemde prosedure ondervind kan word waar lang afstande gereis moet word, mag *bevelvoerders* magtiging verleen dat *reserviste* by vooraf vasgestelde punte deur 'n senior permanente lid of 'n *reservis* geïnspekteer en aan diens geplaas word.

(b) Die senior permanente lid of *reservis* moet eers telefonies of per radio aan die gemeenskapsdiensentrumbevelvoerder rapporteer en aan diens geplaas word deur die laasgenoemde en van 'n SAPD 10 inskrywingsnommer voorsien word.

(c) So 'n senior permanente lid of *reservis* word dan geag aan diens te wees en is gemagtig om die *reserviste* te inspekteer en hulle aan diens te plaas. 'n Gepaste inskrywing van die inspeksie moet dan in die SAPD 10. Die *stasie* se SAPD 10 nommer moet ook by sy of haar inskrywing ingesluit word.

(3) Indien 'n *reservis* op pad is om aan diens te rapporteer of op pad terug is na sy woning nadat hy of sy van diens gerapporteer het en, terwyl in uniform, homself of haarself in 'n posisie bevind waar hy of sy in sy of haar hoedanigheid as *reservis* moet optree, sal hy of sy gedurende daardie optrede, geag word aan diens te wees.

(4) 'n *Reservis* wat diens by 'n *eenheid* verrig moet aan diens geplaas word deur 'n inskrywing in sy of haar sakboek te maak. Die inskrywing moet deur die *bevelvoerder* onder wie se bevel hy of sy ressorteer en deur wie hy of sy geïnspekteer is, geparafeer word. Anders moet hy of sy vir diens rapporteer by die gemeenskapsdiensentrum waar hy of sy geïnspekteer moet word en 'n gepaste Voorvalleboek inskrywing gemaak moet word.

(5) Die prosedure, soos uiteengesit in subparagrawe (2) en (4), is ook van toepassing wanneer 'n *reservis* van diens rapporteer.

(6) Besonderhede van die pligte waarna in subparagraaf (2)(c) en subparagraaf (4) verwys word, moet gereeld in die SAPD 259 van die *stasie* waar die *reservis* gestasioneer is, ingevul word.

(7) *Bevelvoerders* moet operasionele prosedures ontwikkel om effektiewe bevel en beheer en optimale aanwending van *reserviste* te verseker soos voorgeskryf deur die unieke omstandighede op provinsiale of area vlak.

20. Bestuur van polisievoertuie

(1) Voordat 'n *reservis* 'n polisievoertuig mag bestuur, moet hy of sy —

(a) die basiese opleiding vir *reserviste* suksesvol voltooi het;

(b) voldoen aan al die vereistes soos uiteengesit in SMO(A) 3A van

1987;

(c) deeglik vertroud wees met die bepalings van paragrawe 8, 12 en 18(2) van bogenoemde order;

(d) in besit van ‘n geldige bestuurslisensie wees; en

(e) in terme van paragraaf 11(3) van genoemde order, gemagtig word, om die voertuig te bestuur.

(2) Die magtiging om ‘n polisievoertuig te bestuur moet aan die *reservis* se aanstellingsvorm (SAPD 95) geheg word en ‘n afskrif moet in sy of haar persoonlike lêer geliasseer word.

21. Ontleding van dienste verrig

(1) ‘n *Bevelvoerder* moet aan die einde van elke maand die pligte gedurende die maand deur die *reserviste* by sy of haar *stasie* verrig, evalueer en aanteken. Die verslag moet die —

(a) aantal *reserviste* in elke kategorie;

(b) aantal ure diens verrig deur elke kategorie; en

(c) aantal ure diens verrig deur elke *reservis*, per PERSALnommer, bevat.

(2) Die *bevelvoerder* moet hom of haarself tevrede stel dat optimale gebruik van die dienste van die *reserviste* gemaak is.

22. Beriggewersfooie aan reserviste

‘n *Reservis* wat inligting gedurende sy of haar normale polisiewerksaamhede bekom, kwalifiseer nie vir enige beriggewersfooie nie.

HOOFSTUK 7
PERSONEELAANGELEENTHEDE

23. Register van persoonlike besonderhede

(1) Elke *bevelvoerder* moet, addisioneel tot persoonlike lêers, ‘n volledige lys van al die *reserviste* by sy of haar *stasie* byhou.

(2) ‘n Register, met die volgende besonderhede van *reserviste*, moet by elke *stasie*, *eenheid* of kantoor gehou word:

(a) PERSAL nommer en rang;

(b) volle naam;

(c) volledige huis- en werksadresse;

(d) huis-, sellulêre telefoonnommer en werkstelefoonnommers;

(e) beroep;

(f) huwelikstatus;

(g) naam, adres en telefoonnommer van ‘n naasbestaande;

(h) datum van indiensneming;

(i) kategorie van aansteling;

(j) primêre funksies verantwoordelik om te verrig;

(k) datum van laaste bevordering;

(l) ras en geslag; en

(m) mediese fonds nommer, indien beskikbaar.

(3) ‘n *Reservis* moet sy of haar *bevelvoerder* van enige veranderings aan die voorgaande besonderhede inlig.

24. Range, bevordering en aanstelling

. (1) Die range en rangkentekens, soos uiteengesit in regulasie 8 van *die Regulasies* vir die Suid Afrikaanse Polisiediens, is van toepassing op die Reserwe Polisiediens. ‘n *Reservis* mag egter nie ‘n rang hoër as die van die *bevelvoerder* onder wie se bevel hy of sy dien, beklee nie.

(2) Bevordering of aanstelling na ‘n hoër rang is onderworpe aan die bepalings van hierdie Instruksie of enige ander voorwaardes of uitsonderings wat die Nasionale Kommissaris van tyd-tot-tyd mag bepaal.

(3) ‘n *Bevelvoerder* moet alle moontlike stappe doen om te verseker dat die *reserviste*, insluitende die *reserviste* op die verskillende rangvlakke, verteenwoordigend is van die gemeenskap wat deur hulle bedien word.

(4) Ten einde vir bevordering oorweeg te word en inaggenome dat ‘n *reservis* nie ‘n hoër rang as sy of haar *bevelvoerder* mag beklee nie, moet ‘n *reservis* in alle opsigte vir bevordering kwalifiseer en geskik wees en aan die vereistes hieronder uiteengesit en enige ander opleidingsvereistes wat deur die Nasionale Kommissaris bepaal mag word, voldoen:

(a) Kategorie A, B en D *Reserviste*
Die kwalifiserende tydperke vir bevordering van die *reserviste* in hierdie kategorieë, is onderworpe aan subparagraaf (2) soos volg:

(i) Konstabel na sersant
Minimum van 6 jaar diens in die rang van konstabel, met ‘n minimum van 1 152 ure diens gelewer gedurende die tydperk;

(ii) Sersant na inspekteur
Minimum van 3 jaar diens in die rang van sersant, met ‘n minimum van 576 ure diens gelewer gedurende die tydperk;

(iii) Inspekteur na kaptein
Minimum van 3 jaar diens in die rang van inspekteur, met ‘n minimum van 576 ure diens gelewer gedurende die tydperk en ‘n NQF 4 (Graad 12 sertifikaat of ekwivalente kwalikfikasie)

(iv) Kaptein na superintendent
Minimum van 3 jaar diens in die rang van kaptein, met ‘n minimum van 576 ure diens gelewer gedurende die tydperk en ‘n NQF 4 (Graad 12 sertifikaat of ekwivalente kwalikfikasie);

(v) Superintendent na senior superintendent
Minimum van 6 jaar diens in die rang van superintendent, met ‘n minimum van 1 152 ure diens gelewer gedurende die tydperk en ‘n NQF 4 (Graad 12 sertifikaat of ekwivalente kwalikfikasie);

(vi) Senior Superintendent na direkteur
Minimum van 6 jaar diens in die rang van senior superintendent, met ‘n minimum van 1 152 ure diens gelewer

gedurende die tydperk en ‘n NQF 4 (Graad 12 sertifikaat of ekwivalente kwalikfikasie); en

(vi) Direkteur na assistent kommissaris
Aanstelling deur die Nasionale Kommissaris op aanbeveling van die Afdelingskommissarisse: Personeeldienste en Misdaadvoorkoming.

(b) Kategorie C *Reserviste*
‘n *Reservis* in hierdie kategorie, met gespesialiseerde vaardighede en wat spesifieke operasionele pligte verrig, kan as ‘n kaptein of hoër vlak aangestel word met goedkeuring van die Afdelingskommissaris: Personeeldienste gebaseer op die motivering van die betrokke *bevelvoerder*. Verdere bevorderings moet, soos uiteengesit in subparagraaf (a), hanteer word. ‘n Kategorie C *reservis* wat as ‘n offisier tydens indiensneming aangestel is, mag nie na ‘n ander kategorie oorskakel binne drie (3) jaar vanaf datum van aanstelling as ‘n Kategorie C *reservis* nie.

(5) Die evaluering van *reserviste* vir bevordering moet deur die *bevelvoerder* deur middel van ‘n gemotiveerde verslag, ondersteun deur die hoof *reservis* of ‘n ander *reservis* deur hom of haar aangewys wat dieselfde of hoër rang as die kandidaat het, hanteer word. *Die hoofreservis* of die aangewese *reservis* moet op die evalueringskomitee gekoöpteer word.

(6) Die bevordering van ‘n *reservis* tot die rang van inspekteur mag deur die betrokke Afdelingskommissaris of Provinsiale kommissaris goedgekeur word.

(7) Wanneer die bevordering van ‘n *reservis* tot die rang van kaptein of hoër rang oorweeg en of aanbeveel word, moet ‘n gemotiveerde verslag, saam met ‘n aanbeveling van die betrokke Afdelings- of Provinsiale kommissaris via die Afdelingskommissaris : Misdaadvoorkoming na die Afdelingskommissaris : Personeeldienste, gestuur word.

(8) Die bevordering van ‘n *reservis* tot die rang van kaptein of ‘n hoër rang moet deur die Nasionale Kommissaris goedgekeur word.

(9) Daar kan van die vereistes in subparagraaf (4) afgewyk word in die geval van voormalige permanente lede van die Diens wat voorheen soortgelyke of hoër range beklee het of wat alreeds voldoende toepaslike ervaring in die Diens het, asook in die geval van ‘n *reservis* wat voorheen ‘n soortgelyke rang in die Reserwe Polisiediens beklee het en wat dit moes prysgee vanweë verplasings en die afwesigheid van ‘n behoefte vir *reserviste* in daardie rang by die nuwe *stasie*.

(10) Voormalige permanente lede van die Suid-Afrikaanse Weermag of aktiewe of voormalige reserwemag lede van die Suid-Afrikaanse Nasionale Reserwemag kan op ‘n ekwavalente rangvlak aangestel word wat hy of sy in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag of die Suid-Afrikaanse Nasionale

Reserwemag beklee het. Die finale beslissing rakende die rang van aanstelling, is die verantwoordelikheid van die betrokke afdelings- of provinsiale kommissaris. Voldoende bewys in hierdie verband moet by die aansoek aangeheg word.

(11) Die Nasionale Kommissaris kan, indien hy of sy dit wenslik en in belang van die Diens ag, te eniger tyd enige *reservis* tot enige rang bevorder en het die bevoegdheid om enige vereistes wat in hierdie verband vasgestel, te kondoneer.

25. Medaljes

(1) Die vereistes vir ‘n permanente lid om vir ‘n medalje te kwalifiseer, is, met die nodige veranderings en waar relevant, ook op ‘n *reservis* van toepassing.

(2) Die instruksies van toepassing op ‘n permanente lid van die Diens vir die aansoek en uitreiking van medaljes, is ook op ‘n *reservis* van toepassing.

(3) Sertifikate vir verdienstelike diens mag aan ‘n *reservis* ter erkenning van buitengewone dienste gelewer, deur die Areakommissaris op aanbeveling van die betrokke *bevelvoerder*, uitgereik word.

26. Dissipline en arbeidsaangeleenthede

Die voorskrifte betreffende dissipline en arbeidsaangeleenthede van toepassing op ’n permanente lid van die Diens, is waar relevant, ook op ‘n *reservis* van toepassing.

27. Herstel van griewe

(1) Griewe van *reserviste* moet ooreenkomstig die toepaslike ooreenkoms betreffende griewe hanteer word.

(2) Enige versuim van ‘n *reservis* om ‘n grief ooreenkomstig die prosedure waarna in subparagraaf (1) verwys word, te hanteer, stel wangedrag daar.

(3) Die inhoud van die ooreenkoms waarna in subparagraaf (1) verwys word, moet onder die aandag van elke *reservis* gebring word.

28. Mediese behandeling vanweë ‘n besering aan diens of siekte vanweë diens

(1) Artikel 34 van *die Wet* is ook van toepassing op ‘n *reservis* vir mediese, tandheelkundige of hospitaalbehandeling vir beserings of siektes opgedoen terwyl aan diens.

(2) Indien ‘n *reservis* beseer of gedood word terwyl diens verrig word of in sy of haar hoedanigheid as ‘n *reservis*, moet ‘n ondersoek in terme van artikel 34 van *die Wet* ingestel word.

(3) Die volgende dokumente moet by ‘n ondersoek, waarna in subparagraaf (2)

verwys word, ingedien word:
'n eedsverklaring deur die werkgewer of die *reservis* self, indien hy of sy vir homself of haarself werk, wat die volgende aandui —

(a) die werklike salaris van die *reservis*;
(b) of die *reservis* enige salaris of ander vergoeding gedurende sy of haar afwesigheid ontvang het;
(c) die presiese totaal van die *reservis* se verlies aan salaris;
(d) die aantal dae siekverlof waarop die *reservis* jaarliks geregtig is in sy of haar permanente werk; en
(e) die aantal dae en die datums waarop die *reservis* werklik van diens was weens die besering.

(4) Indien 'n getroude *reservis* sterf weens 'n besering opgedoen terwyl aan diens of weens 'n siekte opgedoen aan diens, moet gesertifiseerde afskrifte van 'n huweliksertifikaat van die *reservis*, die geboortesertifikate van al sy of haar afhanklikes sowel as die voltooide voorgeskrewe WCL vorms die dokumente waarna in subparagraaf (3) verwys word, vergesel.

(5) Mediese rekeninge wat verband hou met die beserings of siekte van 'n *reservis*, moet deur die *bevelvoerder* gesertifiseer word en via die Afdelingskommissaris : Misdaadvoorkoming aan Hoofkantoor (Diverse Mediese Seksie) voorgelê word vir betaling.

29. Verplasings

(1) 'n *Reservis* mag van een *stasie* na 'n ander verplaas word.

(2) Die *bevelvoerder* moet die besonderhede van die verplasing saam met die persoonlike lêer van die *reservis* na die *bevelvoerder* waar die *reservis* gaan dien, stuur.

(3) Indien 'n *reservis*, wat verplaas is, nie binne twee maande by sy of haar nuwe *stasie* rapporteer nie, moet die *bevelvoerder* stappe doen om die *reservis* te kontak om vas te stel wat die posisie is.

30. Aftrede

'n *Reservis* tree af uit die Reserwe Polisiediens by die bereiking van die ouderdom van 70 jaar.

31. Bedanking

(1) 'n *Reservis* mag, onderworpe aan artikel 48(5) van *die Wet*, te eniger tyd bedank.

(2) 'n Offisier met die rang van senior superintendent of 'n hoër rang moet kennis neem van die bedanking van 'n *reservis* en verseker dat paragraaf 13(7) nagekom is.

(3) In die geval van die bedanking van 'n *reservis* in omstandighede waarna in artikel 48(5) van *die Wet* verwys word, moet 'n offisier met die rang van

senior superintendent of hoër die bedanking goedkeur.

(4) Die volgende stappe moet gedoen word wanneer 'n *reservis* bedank:
   (a) die *reservis* moet 'n SAPD 93(h) vorm voltooi en onderteken. Indien hy of sy weier om die SAPD 93 (h) te onderteken, moet die lid wat die bedanking hanteer 'n endossement met so 'n strekking op die vorm aanbring en dit self onderteken; en
   (b) die voltooide SAPD 93(h) moet, nadat kennis van die bedanking geneem is of in die omstandighede waarna in artikel 48(5) van *die Wet* verwys word, goedkeuring verleen is saam met 'n dekbrief via die Afdelingskommissaris : Misdaadvoorkoming aan Hoofkantoor (Diensbeëindiging) gestuur word. Die PERSAL nommer van die *reservis* moet op die dekblad genoem word.

32. Ontslag

(1) 'n Offisier met die rang van senior superintendent of 'n hoër rang kan, onderworpe aan subparagraaf (2), 'n *reservis* ontslaan —
   (a) indien hy of sy nie in staat is om die vereiste opleiding binne 'n redelike tyd suksesvol te voltooi nie;
   (b) weens swak gesondheid;
   (c) weens wangedrag:
   (d) weens sy of haar ongeskiktheid om sy of haar pligte uit te voer of weens sy of haar onvermoë om dit effektief te verrig;
   (e) indien hy of sy 'n Kategorie A of D *reservis* is en sonder skriftelike goedkeuring van die *bevelvoerder* vir 'n aaneenlopende periode van drie maande nalaat om die minimum vereiste vrywillige diens van sestien ure per maand te verrig; of
   (f) indien hy of sy vergoeding ontvang vir sy of haar pligte as *reservis* in omstandighede anders as waarvoor in hierdie Instruksie voorsiening gemaak word.

(2) Die volgende stappe moet gedoen word wanneer 'n *reservis* se ontslag oorweeg word:
   (a) 'n SAPD 93(h) moet deur die *bevelvoerder* of lid deur die *bevelvoerder* aangewys, voltooi word en op die betrokke *reservis* gedien word. Die rede waarom sy of haar ontslag oorweeg word, moet skriftelik aangedui word. Indien hy of sy weier om die SAPD 93(h) te onderteken, moet die *bevelvoerder* of lid wat die vorm beteken 'n endossement met so strekking op die vorm aanbring en dit self onderteken;
   (b) die betrokke *reservis* moet dan die geleentheid gebied word om geskrewe vertoë binne 21 dae te rig en redes te gee waarom hy of sy nie ontslaan moet word nie; en
   (c) as 'n besluit geneem is om die *reservis* te ontslaan, moet Hoofkantoor (Diensbeëindiging) ingelig word. Die PERSAL nommer van die *reservis* moet op die dekbrief aangedui word.

(3) Die besluit om 'n *reservis* te ontslaan mag slegs geneem word na oorweging van die skriftelike vertoë, indien enige, soos vermeld in sub-paragraaf (2).

(4) Indien ‘n *reservis* vir wangedrag ontslaan word moet dit met streng nakoming van paragraaf 26 gedoen word.

(5) Die volgende stappe moet gedoen word wanneer ‘n *reservis* ontslaan word:
   (a) ‘n lid moet ‘n SAPD 93(h) voltooi en ‘n endossement met die strekking dat die *reservis* ontslaan is, op die vorm aanbring en dit onderteken; en
   (b) die voltooide SAPD 93(h) moet, nadat die ontslag goedkeur is, saam met ‘n dekbrief aan Hoofkantoor (Diensbeëindiging) gestuur word. Die PERSALnommer van die *reservis* moet op die dekbrief genoem word.

33. Dienssertifikate

‘n Dienssertifikaat op vorm SAPD 238 kan deur die provinsiale of afdelingskommissaris aan ‘n *reservis* by die beëindiging van sy of haar dienste uitgereik word, mits —

(a) hy of sy gedurende sy of haar dienstydperk sy of haar dienste getrou en doeltreffend verrig het;
(b) hy of sy, gedurende sy of haar dienstydperk, met die uitsluiting van periodes waarin sy of haar afwesigheid toegeskryf kan word aan geldige redes, die vereiste aantal ure per maand gewerk het; en
(c) sy of haar dienste nie weens wangedrag beëindig is nie.

34. Vergoeding en toelae

(1) ‘n *Reservis* verrig vrywillige diens en sal slegs vergoed word indien hy of sy formeel vir voltydse opleiding of diens opgeroep word.

(2) Indien ‘n *reservis*, wat nie ‘n beampte of werknemer van die Staat is nie, verplig is om ‘n hofsitting by te woon en gevolglik ‘n verlies aan inkomste ly, mag die afdelingskommissaris of provinsiale kommissaris, na die voorlegging van bevredigende dokumentêre bewys, magtiging verleen dat hierdie verlies van inkomste aan die *reservis* uit staatsfondse terugbetaal word tot ‘n maksimum bedrag, soos van tyd tot tyd deur die Nasionale Kommissaris vasgestel.

(3) Indien ‘n *reservis* ‘n hofsitting moet bywoon en sy of haar woning is meer as 20 kilometer van die hof en daar is geen staatsvervoer beskikbaar nie en hy of sy moet van privaatvervoer gebruik maak, moet die voorgeskrewe tarief aan hom of haar betaal word.

(4) ‘n *Reservis* wat vir voltydse opleiding of diens opgeroep word, sal teen die tariewe soos van tyd tot tyd deur die Nasionale Kommissaris bepaal, vergoed word.

(5) ‘n *Reservis* wat formeel vir diens opgeroep word, of wat spesiale dienste binne ‘n funksionele *eenheid* verrig of indien opdrag gegee word om ‘n opleidingskursus by ‘n sentrum weg van sy of haar gewone verblyfplek, by te woon, mag op staatsonkoste na en van die plek waar sy of haar dienste benodig word of waar hy of sy opleiding moet ondergaan, vervoer word en

'n verblyftoelaag, bereken op dieselfde basis en onderworpe aan dieselfde voorwaardes as vir permanente lede, mag aan hom of haar betaal word vir die reis daarheen en terug sowel as vir die tydperke wat hy of sy dienste daar verrig het.

(6) 'n *Reservis* wat diens verrig, kan, by voorlegging van 'n kwitansie, volgens die voorgeskrewe tarief vergoed word vir 'n maaltyd wat gedurende gewone etenstyd genuttig is, indien hy of sy verder as vyftien kilometer vanaf die plek waar die diens as *reservis* verrig word, woon : Met dien verstande dat hy of sy dienste vir ten minste 'n 8 uur skof verrig het.

(7) Ten opsigte van diensvoorwaardes waarvoor daar nie in hierdie Instruksie voorsiening gemaak word nie, moet die Nasionale Kommissaris vir 'n vasstelling genader word.

35. Vergoeding vir die verlies aan inkomste weens ongeskiktheid wat uit diens voortspruit

(1) Indien 'n *reservis* aan diens beseer word of medies ongeskik vir diens is weens 'n siekte wat uit diens voortspruit en dit gevolglik lei tot 'n verlies aan inkomste, mag hy of sy vir die verlies aan inkomste vergoed word, wat bereken word volgens die *reservis* se werklike verlies van inkomste, tot 'n maksimum daaglikse tarief wat van tyd tot tyd deur Nasionale Tesourie vasgestel word.

(2) Vergoeding vir totale of gedeeltelike ongeskiktheid word deur die Vergoedingskommissaris vasgestel en word bereken volgens 'n formule wat gebaseer word op die *reservis* se werklike inkomste (tot 'n maksimum bedrag deur Nasionale Tesourie bepaal) en die persentasie van ongeskiktheid soos bepaal deur die Vergoedingskommissaris.

(3) 'n Addisionele toelae mag aan 'n *reservis* wat ongeskik vir verdere diens in die Reserwe Polisiediens geword het, betaal word vir 'n besering aan diens of 'n siekte wat voortspruit uit diens. Hiedie toelae word bereken volgens 'n formule neergelê in die regulsies, gepromulgeer kragtens *die Wet* op Algemene Pensioene, 1979 (Wet No. 29 van 1979), in die *Staatskoerant* 6390 van 5 April 1979. Indien die graad van die sodanige ongeskiktheid meer as 30% is, mag 'n toelaag, bereken volgens die voorgeskrewe formule, aan die *reservis* betaal word of in die geval van sy of haar afsterwe, aan sy of haar afhanklikes.

(4) Redelike onkostes vir 'n begrafnis, insluitende 'n amptelike begrafnis, mag uit staatsfondse betaal word indien die *reservis* te sterwe kom in die uitvoering van sy of haar pligte of weens 'n besering of siekte wat uit diens voortspruit.

(5) Indien 'n *reservis* aan diens of as gevolg van sy of haar diens as 'n *reservis* gedood word, kwalifiseer sy of haar gade vir die betaling van 'n doodsvoordeel betaalbaar aan permanente lede op voorwaarde dat aan alle vereistes voldoen is.

HOOFSTUK 8
RESERVISTE WAT SPESIFIEKE FUNKSIES VERRIG

36. Reserviste verbonde aan die Lugvleuel

(1) Vereistes vir aanstelling by die Lugvleuel

(a) ‘n Applikant vir aanstelling as *reservis* vlieënier by die Lugvleuel moet moet in besit wees van ‘n geldige kommersiële vlieglisensie en moet vooraf deur ‘n instrukteur van die Suid-Afrikaanse Polisiediens Lugvleuel getoets word voor aanstelling.

(b) *‘n reservis* vlieënier *mag polisie lugvaartuie beheer. Reservis*te wat polisie lugvaartuie beheer moet aan dieselfde vereistes voldoen as wat neergelê is vir polisie vlieëniers wat permanent in diens is.

(c) *Reserviste* mag sy of haar eie lugvaartuig vir polisiëringsdienste gebruik. In die geval van ‘n *reservis* wat sy of haar eie lugvaartuig gebruik, moet hy of sy in besit wees van ‘n geldige kommersiële vlieglisensie en moet die volgende minimum aantal ure vliegtyd voltooi het:
(i) Vliegtuig: 250 ure van solo vlug.
(ii) Helikopter: ‘n totale aantal van 450 ure met helikopters en ten minste 100 ure met die spesifieke tipe helikopter soos waarvoor aansoek gedoen.

(d) ‘n *Reservis* wat sy of haar eie vliegtuig gebruik of toegang tot ‘n vliegtuig het moet die Diens ten opsigte van die gebruik daarvan vrywaar.

(e) ‘n Applikant moet bereid wees om sy of haar dienste as ‘n *reservis* in die Suid Afrikaanse Polisiediens Lugvleuel, op sy of haar eie risiko te lewer. Die vrywaring (SAPD 93(f)) moet voltooi word en saam met sy of haar aansoek ingedien word.

(f) ‘n Applikant moet onder die ouderdom van 55 jaar wees.

(g) ‘n *Reservis* van die Lugvleuel moet op ‘n baie selektiewe en effektiewe basis aangestel word. Aspekte wat in die verband oorweeg moet word, is:
(i) die tipe vliegtuig;
(ii) die afstand wat gereis moet word na die naaste *eenheid* van die Lugvleuel;
(iii) die beskikbaarheid van die *reservis*; en
(iv) die aantal *reserviste* wat in ‘n spesifieke provinsie, area of *stasie* area, benodig word.

(2) Aansoek vir lugondersteuning en die gebruik van die Lugvleuel

(a) ‘n Aansoek vir lugondersteuning moet behoorlik gemotiveer en deur die betrokke provinsiale kommissaris en die Seksiehoof: Lugvleuel,

Hoofkantoor goedgekeur word. In dringende gevalle mag die goedkeuring van die Seksiehoof: Lugvleuel, Hoofkwartier verkry word.

(b) Die Provinsiale Lugvleuel *Bevelvoerder* moet reël dat 'n geskikte vlieënier en vliegtuig vir die taak toegeken word.

(c) Die dienste van 'n *reservis* van die Lugvleuel moet slegs vir lugondersteuning gebruik word. Daar word nie van sodanige *reservis* vereis om enige funksionele polisie-opleiding te ondergaan nie. Alvorens so 'n *reservis* aangestel mag word om gewone polisiedienste te verrig, moet hy of sy eers die vereiste opleiding ondergaan.

(3) Keuring van applikants vir die lugvleuel

(a) 'n *Reservis* by die Lugvleuel moet as 'n Kategorie C *reservis* aangestel word.

(b) Voordat 'n applikant se aansoek op provinsiale vlak goedgekeur is, moet sy of haar geskiktheid vir die Lugvleuel deur die Seksiehoof: Lugvleuel, Hoofkwartier, goedgekeur word. Die volgende dokumente moet aan die Seksiehoof: Lugvleuel, Hoofkwartier, Suid-Afrikaanse Polisiediens, Privaatsak X19063, Pretoria Wes, 0117, gestuur word:
   (i) 'n afskrif van die aansoek vir aanstelling - SAPD 93 (Die huis- en werkstelefoonnommers van die applikant moet daarin aangedui word.);
   (ii) 'n gesertifiseerde afskrif van die applikant se Sertifikaat van Vliegbevoegdheid;
   (iii) 'n gesertifiseerde afskrif van die applikant se vlieglisensie;
   (iv) 'n gesertifiseerde afskrif van die laaste drie bladsye van die applikant se vliegritstaat;
   (v) 'n sertifikaat van die beskikbaarheid van die vliegtuig, waarin die tipe vliegtuig aangedui word;
   (vi) die vingerafdrukke (SAPD 91(a)) van die applikant nadat dit deur die Kriminele Rekord Sentrum teruggestuur is, saam met die Vingerafdruk Rekordvorm (SAPD 69), indien van toepassing; en
   (vii) 'n gesertifiseerde afskrif van dokumentêre bewys moet voorgelê word indien die applikant voorheen die rang van 'n offisier in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag of die Suid-Afrikaanse Polisiediens beklee het.

(c) Die dekbrief moet vermeld dat vertroulike navrae betreffende die geskiktheid van die kandidaat om in die Reserwe Polisiediens te dien, gemaak is en moet enige negatiewe aspekte, indien teenwoordig, vermeld.

(d) Die Seksiehoof: Lugvleuel, Hoofkwartier moet die betrokke provinsiale kommissaris inlig of die applikant aanvaarbaar is of nie

asook van die datum en plek waar die applikant getoets sal word.

(e) Indien 'n applikant aanvaarbaar gevind word, moet sy of haar aansoek ooreenkomstig paragrawe 11(1) en (2), hanteer word.

(f) 'n Aanbeveling betreffende die rang by aanstelling moet op SAPD 93(d) gemaak word.

(g) 'n Lid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag mag nie as 'n Lugvleuel *reservis* gewerf word nie.

(4) Vergoeding van uitgawes rakende dienste deur reserviste van die reservis lugvleuel gelewer

(a) Alle eise moet aan die betrokke provinsiale kommissaris op 'n Diverse Eisvorm (SAPD 174) gestuur word, wat die volgende moet bevat:
   (i) aantal ure gevlieg, met 'n aanduiding van die tipe vliegtuig en die betrokke tarief. Die berekende bedrag moet in die toepaslike kolom verskyn; en
   (ii) die hoeveelheid brandstof gebruik, waarvan die prys en die berekende koste in die toepaslike kolom aangedui is.

(b) Die volgende moet aan die eis geheg word:
   (i) 'n afdruk van die goedkeuring vir die optrede; en
   (ii) 'n gesertifiseerde faktuur wat die plaaslike prys van die spesifieke tipe brandstof aandui.

(c) Tariewe per uur vir die verskillende soorte vliegtuig is soos van tyd tot tyd voorgeskryf.

(5) Hertoetsing en tydelike of permanente kansellasie van vlieglisensie

(a) 'n *Reservis*vlieënier moet jaarliks deur 'n vlieginstrukteur hertoets word om die standaard van sy of haar vliegvaardighede te bepaal. Resultate van sodanige toets moet aan die Hoofvlieënier by die Lugvleuel, Hoofkantoor gestuur word.

(b) Indien 'n *reservis* se vlieglisensie tydelik of permanent ongeldig word, moet hy of sy onmiddellik die relevante Provinsiale *Bevelvoerder*: Lugvleuel inlig.

37. Reservis polisieduikers

(1) 'n *Reservis* polisieduiker moet aan die Duikregulasies soos voorgeskryf deur *die Wet* op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet No. 85 van 1993) voldoen.

(2) Alle instruksies betreffende polisieduikers is ook op *reservis* polisieduikers van toepassing.

(3) Die Diens mag 'n persoon as 'n *reservis* polisieduiker in diens neem, met

dien verstande dat hy of sy aan die vereiste toelatingstandaarde soos voorgeskryf vir polisieduikers, voldoen. ‘n *Reservis*, wat as ‘n polisieduiker gebruik word, moet die opleiding ooreenkomstig die standaarde wat deur die Departement van Arbeid daargestel is, suksesvol voltooi het. Die applikant moet ten minste as ‘n Klas IV-duiker gekwalifiseer wees ooreenkomstig die Duikregulasies wat kragtens *die Wet* op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993, uitgevaardig is.

(4) ‘n Persoon wat aansoek doen om as ‘n *reservis* polisieduiker in diens geneem te word, moet by die Departement van Arbeid as ‘n duiker geregistreer wees.

(5) Die aansoek moet hanteer word ooreenkomstig die riglyne wat vir polisieduikers neergelê is.

(6) ‘n *Reservis* polisieduiker moet as ‘n Kategorie C *reservis* aangestel word, aangesien ‘n *reservis* polisieduiker vir sy of haar spesifieke vaardighede deur die Diens aangewend word. Daar word nie van sodanige *reservis* vereis om enige funksionele polisie-opleiding te ondergaan nie. Alvorens so ‘n *reservis* aangestel mag word om gewone polisiedienste te verrig, moet hy of sy eers die vereiste opleiding ondergaan.

(7) Die areakommissaris moet ‘n senior lid as Duikpuntbevelvoerder, onderworpe aan sy of haar gesag,aanwys om beheer uit te oefen oor die aktiwiteite van alle *reservis* polisieduikers.

(8) ‘n *Reservis* polisieduiker moet by die betrokke duikpuntbevelvoerder vir diens rapporteer. Die duikpuntbevelvoerder oefen beheer uit oor die aktiwiteite van *reservis* polisieduikers. Aangeleenthede wat verband hou met polisieduik, moet ooreenkomstig die lyn van kommunikasie soos uiteengesit in die instruksies vir polisieduikers, hanteer word.

(9) Die provinsiale kommissaris moet verseker dat ‘n *reservis* polisieduiker ooreenkomstig die Duikregulasies waarna in subparagraaf (1) verwys word, toegerus word.

(10) ‘n Provinsiale kommissaris moet in sy of haar begroting voorsiening maak vir die verskaffing van duiktoerusting en verbruikbare items soos kompressors, duiksilinders, aanvraagkleppe, tou, boeie, duikpakke, maskers, paddavoete, gewigsbelte, ens.

38. Reserviste verbonde aan die Berede Eenheid

(1) Alle instruksies met betrekking tot permanente lede verbonde aan Berede *Eenhede* is, waar relevant, van toepassing op *reserviste.* Hierdie paragraaf moet saamgelees word met die Nasionale Instruksie: Berede Dienste.

(2) ’n *Reservis* verbonde aan die Berede *Eenheid* moet as ‘n Kategorie A-*reservis* aangestel word en is verplig om die voorgeskrewe funksionele

opleiding vir *reserviste* te voltooi. Hy of sy moet ook oor ‘n redelike graad van ruitervaardigheid beskik en moet bereid wees om verdere opleiding in die vaardighede van berede polisiewerk te ondergaan.

(3) ‘n *Reservis* moet in ruitervaardighede deur die Subseksie Hoof: Berede Dienste of die Provinsiale *Bevelvoerder* getoets word om te bepaal of hy of sy ‘n hoë standaard kan handhaaf.

(4) Die Subseksie Hoof: Berede Dienste of die Provinsiale *Bevelvoerder* moet ‘n sertifikaat uitreik dat die *reservis* die ruitertoets geslaag het. Hierdie sertifikaat moet op die persoonlike lêer van die *reservis* geliasseer word.

(5) ‘n *Reservis* wat suksesvol geëvalueer is kan van ‘n polisieperd en saaltuig gebruik maak, indien en wanneer beskikbaar.

(6) ‘n *Reservis* mag van sy of haar eie perd gebruik. Alle perde wat aan *reserviste* behoort, moet egter ‘n gehoorsaamheidstoets slaag en voldoen aan die vereistes vir die perde van die Diens. ‘n Lêer wat die name en beskrywings bevat van die perde wat die gehoorsaamheidstoets geslaag het, moet by die *eenheid* gehou word.

(7) Besonderhede van perde van *reserviste* wat gebruik word, moet in die SAPD 15 aangeteken word.

(8) In geval waar ‘n *reservis* van sy of haar eie perd gebruik maak sal die Diens nie verantwoordelik wees vir enige koste aangegaan vir die voeding, veeartsrekeninge, vervoer, stalling of enige ander uitgawe betreffende die daaglikse instandhouding van ‘n perd van ‘n *reservis* nie. Uitgawes aangegaan vir die stalling, voeding en vervoer gedurende aktiewe werksaamhede kan deur die Diens gedra word.

(9) ‘n *Reservis* wat van sy of haar eie perd gebruik maak moet die Diens vrywaar ten opsigte van die gebruik daarvan.

(10) Wanneer aan diens, moet *reserviste* in die voorgeskrewe drag, soos vir permanente lede van die Diens, geklee wees.

(11) ‘n *Reservis* verbonde aan die berede *eenheid* moet ‘n vrywaring, SAPD 93(g) teken wat op sy of haar persoonlike lêer geliasseer moet word.

39. Reserviste verbonde aan die Spesiale Taakmag

(1) ‘n Applikant vir aanstelling in die Spesiale Taakmag moet aan al die vereistes soos neergelê vir permanente lede voldoen en sy of haar geskiktheid moet deur die nasionale Spesiale Taakmag Bevelvoerder voor aanstelling bepaal word.

(2) Aansoeke vir plasing in die Spesiale Taamag moet op die meriete van elke geval oorweeg word. ‘n Volledige gemotiveerde aansoek moet aan die

betrokke afdelingskommissaris vir aanbeveling gestuur word, waarna dit aan die Nasionale Kommissaris voorgelê sal word vir oorweging. Die betrokke provinsiale Spesiale Taakmag Bevelvoerder moet 'n aanduiding gee of die applikant in alle opsigte geskik is, of hy of sy, by sy of haar eenheid gebruik kan word en in welke hoedanigheid.

(3) 'n *Reservis* verbonde aan die Spesiale Taakmag kan, afhangende van die omgewing waar hy of sy aangewend gaan word, as 'n Kategorie A of C *reservis* aangestel word en moet bereid wees om sodanige opleiding soos deur die Nasionale Kommissaris bepaal, te deurloop.

40. Reserviste verbonde aan Beskermings- en Sekuritietesdienste

(1) 'n Applikant vir aanstelling in Beskermings- en Sekuriteitsdienste moet aan al die vereistes soos neergelê vir permanente lede voldoen.

(2) Aansoeke vir plasing by Beskermings- en Sekuriteitsdienste moet op die meriete van elke geval oorweeg word. 'n Volledige gemotiveerde aansoek moet aan die betrokke afdelingskommissaris vir aanbeveling gestuur word, waarna dit aan die Nasionale Kommissaris voorgelê sal word vir oorweging. Die betrokke nasionale of provinsiale Beskermings- en Sekuriteitsdienste *Eenheidsbevelvoerder* moet 'n aanduiding gee of die applikant in alle opsigte geskik is, of hy of sy, by sy of haar eenheid geplaas kan word en in welke hoedanigheid.

(3) 'n *Reservis* verbonde aan Beskermings- en Sekuriteitsdienste kan, afhangende van die omgewing waar hy of sy aangewend gaan word, as 'n Kategorie A of C *reservis* aangestel word en moet bereid wees om sodanige opleiding soos deur die Nasionale Kommissaris bepaal, te deurloop.

41. Reserviste Algemeen

Indien enige verdere behoefte vir *reserviste* vir 'n spesifieke *eenheid* of diens ontstaan, wat nie in hoofstuk 8 aangespreek word nie, moet 'n ondersoek rakende die noodsaaklikheid en implementering van sodanige behoefte deur die betrokke afdeling gedoen word. 'n Aanbeveling moet aan die betrokke afdelingskommissaris vir 'n besluit deur die Nasionale Kommissaris gestuur word.